**24 Junie**

Skrifgedeelte: Jesaja 7:1-8:22
Fokusgedeelte: Jesaja 8:5-8

# Wie nie op God vertrou nie, het niks om op te vertrou nie

Jesaja 7 en 8 dateer uit 'n tyd toe die koning van Israel (Peka) saam met die Aramese koning Resin teen Agas, die koning van Juda, opgetrek het. 2 Konings 16:7 en 8 vertel dat Agas so bang was dat hy hulp gaan soek het by die koning van Assirië. Jesaja het hom verseker dat hy nie bang moet wees nie, dat God by hom sou wees en hom sou verlos.

Dit het Agas nie gedoen nie. Nou kom daar 'n aankondiging van oordeel. Die volk word verwyt dat hulle die kalm waters van Siloag verwerp het. Dit verwys na die water wat deur die Siloamtonnel onder die muur deur, Jerusalem ingebring is, sodat die stad steeds water sou kry wanneer dit beleër word. Die volk het by Assirië hulp gesoek – en nou sal 'n vloed hulle tref, soos wat gebeur wanneer die Tigris en die Eufraat, die riviere van Assirië, hulle walle oorstroom.

Agas se kruipery by die Assiriese koning het op die korttermyn goeie politieke gevolge gehad – maar godsdienstig is dit negatief beoordeel. Daarom spreek Jesaja die Here se oordeel oor Juda uit. Wie op mense vertrou en God verstoot, het eintlik niks om op te vertrou nie.

Op grond van die verlossingswerk van ons Here Jesus Christus kan ons ten volle op God vertrou. Hy is in alle omstandighede by ons. Vertroue op mense baat niks nie, ook nie vertroue op eie vermoëns nie. Wanneer ons omstandighede ons bekommerd maak, mag ons nooit sonder God oplossings soek nie.

Sing: Psalm 146:2, 3

Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)